Maandag **7 Oktober**

**Skrifgedeelte: Jesaja 49:8-17**

**Fokusgedeelte: Jesaja 49:14-16 (AFR83/2020)**

**Die Here vergeet ons nie**

Wanneer ons allerlei moeilikhede ervaar, is ons vinnig om te sê en voel dat die Here ons verlaat het, dat Hy ons vergeet het. Dit is ’n logiese lyn wat ons beperkte menslike verstande trek, daar is immers miljarde mense op aarde, en elkeen het hulle eie moeilikhede. God kan onmoontlik aandag aan almal en alles gee, iewers moet Hy iemand vergeet. Israel het so gedink tydens hulle ballingskap. Hulle is deur ’n vyandige, heidense volk in ’n oorlog verslaan, hulle land is in besit geneem, hulle stede en tempel is platgeslaan en hulle is na ’n vreemde land weggevoer. Maar kan dit gebeur, kan God sy kinders vergeet of sommer net verlaat? Natuurlik nie!

Wanneer ons na die hele hoofstuk van Jesaja 49 kyk, sien ons dat vers 14 die enigste vers is wat deurtrek is met klagte, al die ander verse is gevul met God se beloftes. Die struktuur van hierdie teks getuig self dat God se beloftes altyd meer en sterker is as ons eie twyfelinge. Ons sien net in die volgende vers hoe God die retoriese vraag vra: Kan ’n vrou haar kind vergeet? Dit kan nie gebeur nie, en selfs al sou dit gebeur, sal God nooit sy kinders vergeet nie. Hy gee aan ons die gerusstellende woorde in vers 16 dat Hy ons name in sy handpalms ingraveer.

Bo en behalwe hierdie gerusstellende belofte dat God ons nie verlaat nie, het ons die groter troos in Jesus Christus. Hy is aan die kruis deur God verlaat sodat ons nooit meer deur God verlaat sou word nie.

Daarom kan die gelowige die wonderlike vrede en vreugde hê dat God altyd by hulle is, selfs al voel dit nie altyd so nie. As ons aan hierdie wonderlike waarheid vashou, kan ons die Here altyd loof soos in vers 13: *Jubel, hemel! Juig, aarde! Sing vrolik, berge! Die Here het vir sy volk uitkoms gegee, Hy het Hom ontferm oor sy volk wat in nood was.*

*Sing: Psalm 116-1:1, 5*

*Ds. P (Philip) Hattingh (Bloemhof/Christiana)*